

## HISTORIESE PERSPEKTIEF OP DIE NORMERING VAN AFRIKAANS

E.H. Raidt

### 1 Linguistiese norme in die V.O.C.-tydperk

#### 1.1 Implisiete norme

Die normering van Afrikaans wat van 1875 af doelbewus aangepak en geleidelik, stapsgewys deurgevoer is, het 'n lang voorgeskiedenis. Hoewel eksplisiete taalnorme eers in 1844 deur A.N.E. Changuion geformuleer is en dan slegs vir Nederlands, nie vir die "Kaapsche taaleigen" nie, het implisiete taalnorme in die hele V.O.C.-tydperk 'n sodanige rol gespeel dat hulle nie onderskat mag word nie.

In teenstelling met Europese Nederlands in die 17de en 18de eeu wat aan 'n streng taalnormering deur individuele grammatici soos Wm. Sewel (1712), Lambert ten Kate (1723), B. Huydecoper (1730), D. van Hoogstraten (1733) en ander onderwerp was, kon Kaaps-Nederlands in baie opsigte vryelik ontwikkel en "verwilder". In 'n tydperk toe Frans, Italiaans en Duits onder die invloed van taalakademies soos die *Académie Française*, die *Accademia della Crusca*, die *Fruchtbringende Gesellschaft* in Leipzig gesuiwer en gestandaardiseer is (Weinrich 1980:12), het die sprekers aan die Kaap 'n hoë mate van vryheid in hulle gesproke taal geniet; hulle skryftaal was egter wel aan implisiete, verborge norme onderwerp. Dit blyk onder andere uit die positiewe en negatiewe sanksies (Weinrich 1980:10). 'n Aktiewe kennis van gesproke Nederlands was vir 'n slaaf een van die vereistes vir sy vrylating (Boëseken 1977:81), terwyl taalbedrewenheid in offisiële (geskrewe) Nederlands toegang tot 'n betrekking as amptenaar in die staatsdiens verleen het. Hierdie soort positiewe sanksies in die vorm van belonings het 'n direkte uitwerking op die evolusie van wordende Afrikaans gehad en die "verwilderings" gestrem. Negatiewe sanksies soos spot (vergelyk O.F. Mentzel, C.H. Persoon, Lied van 1795) en maatskaplike diskriminasie (Bartsch 1982:63) het daartoe bygedra dat heelwat wydverspreide

spreektaalvorme tot in die 19de eeu as gestigmatiseerde vorme --- op skrif altans --- sorgvuldig vermy is, byvoorbeeld die gebruik van *ons* in subjeksfunksie in plaas van *Wij*, die tweede nie aan die sinseinde, die relatief *wat*, die aanwysende voornaamwoorde *hierdie*, *daardie*, en talle ander. Terwyl die taalgebruiksnorme in die 18de-eeuse Kaapse spreektaal reeds aan taalverandering onderhewig was en al hoe meer Afrikaans geword het, het die norme van die Nederlandse skryftaal tot laat in die 19de eeu en selfs in die vroeë 20ste eeu hul invloed laat geld en tot die bestaan van verskillende taalregisters bygedra.

Waarskynlik sal ons nooit in staat wees om die presiese aard en graad van normeringsprosesse en -agente in die wordingstydperk van Afrikaans te kan bepaal nie, maar dat daar 'n sekere mate van normering bestaan het, is myns insiens nie te betwyfel nie. Die belangrikste agent in hierdie proses was die V.O.C. met sy Nederlandse taalbeleid en reglementering wat deur die amptenare met meerdere of mindere sukses toegepas is.

## 1.2 Normkonflikte

Dat so 'n situasie tot normkonflikte in die geskrewe taal (Bartsch 1982:62) gelei het, blyk uit talle argieftekste geskryf deur eenvoudige koloniste. Die normkonflik was egter hoofsaaklik op die vlak van die verhewe en geskrewe taalgebruik, dus Nederlands. In die gesproke taal was daar veel minder van 'n normkonflik te bespeur. Die hoogste norm van kommunikasie was klaarblyklik wedersydse verstaanbaarheid (Bartsch 1982:73), nie die handhawing van standaard- en prestigevorme nie. Dit verklaar onder andere

(i) die voortbestaan van talle Nederlandse, veral Hollandse dialekvorme in die klankvorm van woorde, dikwels met variasiepatrone byvoorbeeld *kan/ken*, *ken/kan*, *en/in*, *vriend/vrind*, *met/mot*, *veel/veul*;

(ii) die feit dat hierdie spreektaalvorme nie tot bepaalde subekonomiese klasse of geografiese gebiede beperk was nie maar selfs in die hoogste stedelike kringe gangbaar was (vergelyk Johanna Duminy, Christiaan Hendrik Persoon e.a.);

(iii) die oorname in die hoër klas van taalverskynsels wat in die taal van slawe, dus sprekers uit die laagste maatskaplike groep, ontstaan het, byvoorbeeld die reduplikasie (*staan-staan eet*) en die vlr in objekskonstruksies.

Die 18de-eeuse Kaapse spreektaal was beslis nie sonder norme nie. Neem ons in aanmerking dat taalgebruikers norme meesal intuïtief uitleef en nie juis van eksterne gesag afhanklik is nie, dan word dit begryplik dat ondanks alle vryheid in die Kaapse taalgemeenskap daar nogtans taalgebruiksnorme aanwesig en funksioneel was. In hierdie verband kan Van Wyk se definisie van "norm" behulpsaam wees:

"Taalgebruiksnorme is natuurlike, meesal onbewuste maatstawwe waaraan die gepastheid van taaluitings deur verskillende taalgebruikers beoordeel word. Dié definisie impliseer dat daar verskillende soorte norme is, afhangende van wat alles die gepastheid van taalgebruik bepaal." (Van Wyk 1978:100)

In die linguistiese interaksie van Kaapse taalgebruikers (moedertaalsprekers en vreemdelinge) het bepaalde linguistiese norme sowel die hoë {H} asook die lae {L} vorme van Kaaps-Nederlands beheers. Aangesien daar egter geen offisiële normering in die L-taal was nie, kon verskillende norme naas mekaar bestaan en tot 'n relatief vinnige normwysiging in die loop van die 18de eeu bydra. Hierdie dinamiese normwysiging in L het geleidelik ook die meer statiese, geskrewe H-taal aangetas. In 'n situasie van diglossie het 'n wedesydse beïnvloeding tussen H en L plaasgevind. Terwyl H die "verwildering" van L ietwat gestrem en binne die perke van die oorspronklike Nederlandse sisteem gehou het, het die vitale en meer lewensvatbare L die terrein van H binnegedring en normonsekerheid veral op fonologiese en morfologiese terrein veroorsaak.

Die proses kan soos volg diagramaties aangedui word:



## 2 Pogings tot normering in die 19de eeu

### 2.1 A.N.E. Changuion: Normering van Nederlands in Suid-Afrika

Die eerste doelbewuste poging tot normering van Nederlands in die Kaapkolonie is onderneem deur die Nederlander A.N.E. Changuion wat van 1831 tot 1842 professor aan die Athenaeum in Kaapstad was en later sy eie instituut gestig het (Pheiffer 1979:4). As self-benoemde norm-agent probeer Changuion 13 jaar na sy aankoms in Suid-Afrika om Nederlands in Suid-Afrika te herstel; met die doel in gedagte publiseer hy in 1844 sy beroemde boek *De Nederduitsche taal in Zuid-Afrika hersteld*. Minder as vier jaar later het hy egter

"zoo veel nieuwe proeven van onverschilligheid, ten aanzien van die Hollandsche taal, opgemerkt dat wij nu althans over de mogelijkheid om het kwaad te stuiten, geheel anders denken. Thans beschouwen wij de taal, waaraan wij onze moeite besteden, gelijk een geneesheer een ongeneeslijken lijder, wiens kwaal in hare verderflijke uitwerkingen wel enigzins gematigd, wiens gewissen dood wel eenigen tijd kan vertraagd worden, maar op wiens vokomen herstel niet meer te hopen valt." (Changuion 1848:IV)

Ondanks hierdie realistiese pessimisme formuleer Changuion in navolging van Nederlandse normagente soos Siegenbeek, Van der Palm, Bilderdijk, Kinker en natuurlik Lambert ten Kate die norme ten opsigte van die Nederlandse taalgebruik. In sy boek verbind hy die be-skrywende met 'n voor-skrywende normering. Dikwels vermeld hy kenmerke van die "Kaapsche taaleigen", maar wys dan onmiddellik op die korrekte taalgebruik volgens die Nederlandse norme. Die normeringspogings van hom en moontlik ook ander normagente was klaarblyklik nie sonder sukses nie. Dit blyk uit terloopse opmerkings soos die volgende wat aan die einde van sy hoofstuk oor die Nederlandse uitspraak en "de hoofdtrekken der Kaapsche uitspraak" voorkom. Changuion beklemtoon hier

"dat de beschaafde klasse overal haar best doet om het kenmerkende der Kaapsche spraak af te leggen, en dat vele van de hierboven opgegeven voorbeelden in de platte taal der onbeschaafde klasse t'huis hooren. Wie de Kaapsche tongval verzaakt wordt gezegd hoog Hollandsch te spreken. Een Engelschman spreekt doorgaans plat Kaapsch." (Changuion 1948:23)

Heelwat tipies Afrikaanse vorme wat rondom 1800 reeds algemeen by alle bevolkingsgroepe in gebruik was, word deur Changuion as "plat" of selfs as tipies "Hottentots" bestempel. Van die verkleiningsuitgang sê hy dat dit

"achter -s alleen in den mond der min beschaafde klasse den ie-klank aanneemt. Althans geen man van opvoeding zegt kransie, Fransie, glaassie enz." (Changuion 1848:22)

Dit is interessant dat die vorme juis so kenmerkend van Johanna Duminy se dagboek van 1797 is. Maar sy was immers 'n vrou, nie 'n "man" van opvoeding" nie, al het sy tot die hoogste klas van die Kaapse maatskappy behoort!

Ander voorbeelde van plat taalgebruik van "min geoeefende Zuid-Afrikanen" is die meervoudsvorme goeters (p.63) en vrouens (p.60), die geregulariseerde voltooidde deelwoordsvorme geëet (p.113), gebreng, gekoop, gezoek (p.123), verder die "plat" vorme geverloren, gebedankt,

"om van gevloord in plaats van verloren, dat zich tot de minst geoeefende klasse van sprekers bepaalt, niet eens te reppen." (Changuion 1848:96)

Vorme uit die plat taal is volgens hom ook die werkwoordsvorme sonder ver-voegingsuitgange (p.106) wat egter reeds honderd jaar voor Changuion algemene Kaapse spreektaal was. Na 'n bespreking van die vervoeging van Nederlandse werkwoorde merk hy op:

"Tegen de Hottentotsche spreekwijzen: ek is, ek heef, ons het, in plaats van ik ben, ik heb, wij hebben, behoeven wij beschaafde sprekers wel niet te waarschuwen; maar als aardigheidjes in het Zuid-Afrikaansche taaleigen, moet er toch in het voorbijgaan van gerept worden." (Changuion 1848:100)

Ook die gebruik van gaat vir gaan soos in "ik zal hem gaat halen" is volgens Changuion 'n "hottentotisme" (1848:121); die vorme ik ziet en ik doet, daarenteen, is slegs "bijzonderheden van het Kaapsche taaleigen". Die dubbele nie en die herhaling van al ("Eks als (sic) moeg al, ik kannie meer

loopenie" p.128), verder die "zeer opmerkelijk .... gebruik van overal het voorzl. voor tusschen het wkw. en den 3. of 4. naamv. in te voegen" (p.130) word nie aan 'n spesifieke groep of klas toegeëien nie, maar eenvoudig as 'n kenmerk van "Kaapsch taaleigen" vermeld.

Changuion se poging tot normering en sy maatskaplike onderskeidings tussen "beschaafd", "gewestelijke spraakverscheidenheid" en "de platte Kaapsche spraak" kom in sy "Proeve van Kaapsch Taaleigen" (1848:247) besonder duidelik na vore. In sy "Inleidende aanmerkingen" noem hy as hoofdoel van sy woordelys

"om het Nederduitsch, voor zoo ver de taal, die in deze Kolonie gesproken wordt, dien naam dragen mag, van deels geheel vreemde, deels verminkte woorden en spreekwijzen te zuiveren, of althans den weg daartoe aan te wijzen. Bij de dagelijks toenemende onverschilligheid op dit stuk, een natuurlijk gevolg van gebrek aan nationaliteit, en van de veelvuldige aanleiding om de taal zijner voorouders te verloochenen, kan men zich van zoodanige poging niet veel vrucht beloven".

Die vermelding van gewestelike taalverskeidenheid is slegs 'n bykomende oogmerk, geskryf vir sy Nederlandse lesers in Europa. Van die beskaafde spreker onder die Kapenaars verwag hy dat hy

"overal het gewestelijke weet te vermijden .... Wij hebben onnoodig geoordeeld om in alle voorbb. de platte Kaapsche spraak na te bootsen; deels omdat dit tot opheldering van het woord waar het om te doen was niets bijbrengt, en deels omdat die taal in hare zuiverheid alleen door Hottentotten en ander gepeupel gesproken wordt."

Changuion gee egter self toe dat hy die Afrikaanse taalgebruik buite Kaapstad nie eintlik ken nie en dat sy "Proeve"

"in de Kaapstad is opgezameld, daar ik zeer zelden, en dan nog zeer kort, buiten de stad vertoefd heb. Had ik meer onder de landlieden of, gelijk men hier zegt, de buitenmensen, verkeerd, dan zou ik nog veel naïfs en veel plomps bijeen gebragt hebben ... ."

Hier is klaarblyklik die normagent aan die woord, maar sy noermeringspogings het te laat gekom vir die "herstelling" van Nederlands aan die Kaap. Bowendien was daar geen beheerliggame vir die deurvoer van 'n dergelike normering en as individu het Changuion, ondanks al die belangstellende vriende, nie die nodige outoriteit vir 'n diepgaande

normering besit nie. Maar die blote feit dat Changuion se boek na vier jaar alreeds 'n tweede druk beleef het, toon aan dat daar nog genoeg belangstelling onder normbewuste Rapenaars was wat Nederlands wou handhaaf. As 'n mens Changuion se terloopse verwysings na die maatskaplike stratifikasie as betroubaar kan aanvaar, was die handhawers van Nederlands veral in die stedelike "beschaafde" kringe van Kaapstad te vinde; maar uit die verkope van die boek blyk ook 'n wyer belangstelling in buitelandse sosiale toestande. Pheiffer opmerk:

"Die boek van Changuion het bepaald in 'n behoefte voorsien, soos hy self maar te goed beseft het. Die lys intekenare wat heel agter in opgeneem is ... [in die tweede druk word hulle heel voor in die boek genoem --- E.H.R.] gee 'n mooi beeld van die aanvraag. Altesaam 753 eksemplare is vooraf bestel. Daar was wye belangstelling uit die buitelandse --- Balfour, Beaufort-Wes, Bredasdorp, Caledon, Cradock, George, Graaff-Reinet, Malmesbury, Riversdal, Swellendam, Stellenbosch, Tulbach, Worcester, Wijnberg en Simonstad.

"Ook die name van die kopers is veelseggend: opvallend goeie ondersteuners is die dominees, juis die met Skotse name, wat die Evangelie aan Afrikaanssprekendes moes verkondig." (Pheiffer 1979:12)

Die normbewustheid van kerkleiers en die klein toplaag van die stedelike Kaapse bevolking was klaarblyklik onvoldoende om Nederlands as 'n algemene kultuurtaal te laat herleef. Vir die breë bevolkingsklasse --- blank en nie-blank --- was Nederlands toe alreeds nie meer lewensvatbaar nie; eintlik was dit toe al 'n uitgestorwe gebruikstaal. Al was Nederlands nie meer te red nie, het normeringspogings soos die van Changuion 'n indirekte invloed op latere ontwikkelings gehad, naamlik die op- en uitbou van die "platte Kaapsche spraak" tot Afrikaans as 'n kultuurtaal. Dit is miskien ironies dat die pogings van 'n normagent soos Changuion wat hom vir Nederlands beywer het, as aanvoerder vir die Patriotters en hulle strewe om Afrikaans te normeer, gedien het.

## 2.2 Patriotters: vroegste normering van Afrikaans

Met die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners in 1875 begin nie net die stryd vir die erkenning van Afrikaans as kultuur- en landstaal nie, maar ook die strewe na normering. Hoewel individuele normagente die voortou neem, het die Patriottbeweging die voordeel gehad dat dit die taalkwessie as

'n genootskap, 'n groep van taalbewuste manne, opgeneem het en daar dus 'n eerste beheerliggaam tot stand gekom het. S.J. du Toit formuleer in sy *Eerste beginsels fan di Afrikaanse taal* (1876) wat ses jaar later al 'n tweede druk beleef het, die hoofreëls van Afrikaans. Al was die Afrikaanse taalboek hoofsaaklik beskrywend van aard het Du Toit daarmee tog die stoot gegee tot 'n eerste normering van Afrikaans in die vorm van 'n eie identiteit ten opsigte van Nederlands, dit wil sê die beskrywing van Afrikaanse norme in teenstelling met Nederlandse norme.

Uit 'n vroeë reaksie op Du Toit se *Eerste Beginsels*, naamlik Theod. M. Tromp se hoofstuk oor "De Afrikaansche Taal" wat in 1879 in sy *Berinneringen uit Zuid-Afrika* verskyn het, blyk dat die *Eerste beginsels* inderdaad 'n eerste poging tot normering van Afrikaans was.

Die Nederlander Tromp beskou Afrikaans as

"het lelijkste en meest vermengde dialect, dat ooit bestond. Feitelijk kan men er in ruwe trekken de *geschiedenis* van de Kaapkolonie en den Transvaalschen boer ten naasten bij in nagaan." (Van der Merwe 1971:23)

Die gebrek aan enige normering tot en met Du Toit se *Eerste beginsels* blyk uit Tromp se *smalende opmerking*:

"Daar een dusdanig mengsel nimmer onder regelen werd gebracht, (my beklemtoning --- E.H.R.) of door onderwijs op één en dezelfde wijze werd geschreven of gesproken, treft men in de verschillende deelen van Zuid-Afrika natuurlijk ook weder verschillende dialecten van het hoofddialect, dat wij gemakshalve maar als taal zullen erkennen, aan. Vóór twee jaren verscheen een soort grammatica van het Afrikaansch...." (Van der Merwe 1971:23)

### 2.3 Taalvariasie en taalnormering

Changuion het alreeds op maatskaplike en geografiese verskille in Kaapse taalgebruik gewys, maar by hom het die klem meer op Nederlands geval. Met die bydraes van Tromp (1879), Leibbrandt (1882), Kern (1890) en Postma (1896) word die dialektiese taalverskeidenheid van Afrikaans vir die eerste keer onder die loep geneem. In sy uiters negatiewe aanval op "de Afrikaansche taal" wys Tromp daarop dat "laag-Hollandsch" in verskillende dele van Suid-Afrika as dialekte van die hoofdialek gepraat word; met

"hoofddialek" bedoel hy waarskynlik die Afrikaans van die Boland. Kern en Postma beskryf in hul woordelyste die Afrikaans van die boererepublieke Transvaal en Vrystaat, maar by nader ondersoek blyk dit dat daar nie juis groot en opvallende verskille tussen "het Transvaalsch taaleigen" en "het Kaapsch taaleigen" bestaan nie. Ook N. Mansvelt beklemtoon in sy *Proeve van een Kaapsch-Hollandsch Idioticon* (1884)

"dat er, ofschoon 't volkomen waar is, dat men van de Kaap tot de Limpopo dezelfde taal spreekt, toch ook hier kleine dialectische verschillen voorkomen, zodat zelfs de geboren Afrikaner in dit boekje wel een enkel woord kan ontmoeten dat hem onbekend is." (Van der Merwe 1971:135)

Uit hierdie en soortgelyke opmerkings en woordversamelings blyk dat geografiese taalverskeidenheid in 19de-eeuse Afrikaans 'n bekende feit was en dat die Patriotters onmiddellik voor die probleem van 'n noodsaaklike standaardisering en taalnormering te staan gekom het. Aangesien die leiers van die G.R.A. almal Kapenaars was en die Kaap in ieder geval op kulturele terrein op die voorgrond gestaan het, is dit begryplik dat die patriotleiers, met name S.J. du Toit, van hul eie Kaapse Afrikaans uitgegaan het al was hulle oogmerk om te bepaal wat "algemene Afrikaans" was. Dit is binne die bestek van hierdie artikel nie moontlik om 'n volledige beskrywing van hierdie situasie te gee nie --- dit verg myns insiens 'n aparte, sosiolinguistiese ondersoek --- maar vir die doel van hierdie bydrae is dit voldoende om daarop te wys dat die eerste pogings tot normering van Afrikaans juis in 'n situasie van taalverskeidenheid plaasgevind het en dat die normagente en die eerste beheerliggaam (naamlik die Patriotters) van die norme terdeë daarvan bewus was.

Dit lê in die aard van standaardisering dat 'n keuse uit sekere wisselvorme gemaak moet word. Volgens Heringer (1980:60, 61) is elke taalnormering 'n "verkorting" omdat a priori geen formulering van taalreëls en norme die ryk verskeidenheid van 'n taal kan insluit nie. Normeerders is gevolglik nie produktief of kreatief nie; hulle kies uit die bestaande moontlikhede sekere vorme terwyl hulle ander verbied. Hulle selekteer die taalvorme wat die spreker behoort te gebruik. Dit is presies wat met en deur die Patriotters en hulle belangrikste segsman en leier, S.J. du Toit, gebeur het. As skrywer van *Di eerste beginsels fan die Afrikaanse Taal* (1876) en later sy *Vergelykende Taalkunde fan Afrikaans en Engels*, maar veral as (een van) die samesteller(s) van die *Patriotwoordeboek* (1902) het S.J. du Toit

en saam met hom sy mede-Patriotters doelbewus na 'n eerste normering van Afrikaans gestreef. In die "Foorberig" tot die Patriotwoordeboek lees ons:

"Fereers diin dit om di spelling fan Afrikaans, wat as skryftaal nog in syn wording is, tot eenformighyd te help breng, terwyl tot dusfêr elkeen di verstandige reel 'skryf soos jy praat' op syn yge manier, dikwils ni heel oordeelkundig ni, in toepassing gebring het." (Van der Merwe 1968) [My beklemtoning --- E.H.R.]

Wat die woordkeuse van ±16500 woorde betref, het die samesteller hom toegelê op "korthyd gepaard met folledighyd" met die doel om 'n handige sakwoordeboek veral vir die Engelssprekendes saam te stel wat Afrikaans wil leer. Hoewel normering en die daarmee verbonde seleksie 'n kenmerk van die Patriotwoordeboek is, val dit op hoe sterk hier vanuit 'n Afrikaanse taalidentiteit gewerk word:

"Ons gé.... ongeveer 16,500 woorde, en daaronder ruim 1,100 suiwer Afrikaanse woorde, dit wil sê woorde wat in Hollans ni foorkom ni, of wat in Hollans ander betekenis het.... Afrikaans is 'n vertakking fan Hollans, nes Hollans fan Germaans of Diets, en di weer fan Sanskrit, ens.: daarom het ons di hele Germaanse taalskat tot ons beskikking, en wys ons dus oek ni di woorde an wat ons uit Hollans o'erneem ni...."

In sy latere Afrikaanse taalskat fan spreekwyse, gesegdes en uitdrukkings (1908) waarvan slegs 'n fragment bewaar gebly het, voer S.J. du Toit die werk van woordversameling, maar ook van seleksie en normering, verder. Hy wil by wyse van aanvulling veral "di ygenaardige woorde, spreekwyse, gesegdes, spreekwoorde en uitdrukkings, waarin ons taal uitmunt" versamel, hoewel hy dit slegs as 'n begin beskou:

"Mar net soos met di Taalkunde en Woordeboek wil ons oek mar 'n begin maak, deur boustoffe te fersamel en di fondament te lê; want ons glo ni an bou fan di dak af ni, soos party nuwerwetse foorstanders fan ons taal doen." (Van der Merwe 1971:227)

Hoewel hy in hierdie versameling doelbewus op sy voorgangers steun en van vroeëre woordelyste gebruik maak of 'n korrektief daarop probeer lewer, is sy Kaaps-Afrikaanse uitgangspunt as "norm" vir 'n algemeen beskaafde Afrikaans onmiskenbaar. Mansvelt se Proeve van een Kaapsch-Hollandsch Idioticon bevat volgens Du Toit talle foute of ten minste misleidende inligting omdat Mansvelt 'n Nederlander was wat op die inligting van sy studente aangewese was.

"Mar bowediin het di jong-span hulle professor baing hul plaselike uitspraak, gesegdes en spreekwyse fer algemeen Afrikaanse laat opneem..." (Van der Merwe 1971:227), [my beklemtoning --- E.H.R.]

Uit 'n sorgvuldige bestudering van die Patriotpublikasies blyk dat die G.R.A.-manne van 'n Wes-Kaapse Afrikaans as algemene en beskaafde Afrikaans uitgegaan het, terwyl hulle ander streektaalvorme soms as gewestelik en daarmee as nie-algemeen en nie-beskaafd beskou en veroordeel het.

Maar binne die kader van hierdie Wes-Kaapse Afrikaans noem hulle dikwels -- - hoewel nie konsekwent nie --- gebruiklike variante wat met die van die noordelike Afrikaans ooreenstem. Besonder opvallend is die wisselvorme vir **baie**:

|                |         |                                                        |
|----------------|---------|--------------------------------------------------------|
| Changuion      | (1844): | <b>bajan, banje</b>                                    |
| Pannevis       | (1880): | <b>baiang, baing, bai(ng) keer</b>                     |
| Leibbrandt     | (1882): | <b>baniak, Kaapsch: banjang, (in voorbeelde) baing</b> |
| Mansvelt       | (1884): | <b>banje, Bajang, baing, banja</b>                     |
| Du Toit (1908) | :       | <b>baing, geskryf: baiang, banja</b>                   |

Die Patriotwoordeboek het geen lemma vir **baie** nie.

In die verskillende streke en by verskillende skrywers was nie minder as 40 wisselvorme in uitspraak en spelwyse gebruiklik nie (Smith 1942), waarvan uiteindelik die noordelike **baie** as enigste standaardvorm aanvaar is. Dit was onvermydelik dat by 'n geleidelike normering en standaardisering uit 'n dergelike rykdom wisselvorme een, hoogstens twee algemeen aanvaarbare variante gekies moes word. So 'n seleksie was uit die aard van die saak 'n kompromis en 'n inkorting van taalverskeidenheid wat aan sosiolinguistiese norme soos status, deftigheid, korrektheid en sosiale netwerke gekoppel was.

### 3 Normering en standaardisering van Afrikaans in die 20ste eeu

#### 3.1 Die taalteenstelling noord-suid

Die seleksie- en normeringsproses wat deur die Patriotters op tou gesit is, het van die Boland uitgegaan en was van 1875 tot ongeveer 1925 in die hande en onder leiding van Bolanders. Hulle neem die voortou op taalkundige,

kulturele en opvoedkundige gebied (Coetzee 1948:17). In die suide was jarelank die enigste Afrikaanse Universiteit en kweekskool, gevolglik kom vanuit die suide die eerste opgeleide Afrikaanssprekende predikante, onderwysers, joernaliste, regsgeleerdes, sakemanne en taalkundiges. Hulle, so skryf Abel Coetzee,

"... verbrei die Bolandse inslag van die algemeen beskaafde Afrikaanse omgangstaal. Onder leiding van die oorwigtige suide, met Stellenbosch as sy brandpunt, het ons in die noorde ~~m~~ore en nōi leer sê, asook baing, langes, hul en jul as besitlike vorms van die persoonlike ~~voornaam~~woord, onder hulle leiding het ons artappels begin eet, asook soep. Ons eerste taalmanne is almal uit die Suide: J.J. Smith, D.F. Malherbe, T.H. le Roux, J.J. le Roux." (Coetzee 1948:18)

Die kulturele, akademiese en sosiale voorrangposisie van die suide verleen status, deftigheid en die stempel van beskaafdheid aan suidelike taalgebruiksnorme. Taalnorme is uit die aard van die saak sosiolinguistiese norme wat aan die sosiale norme van die samelewing gekoppel is (Van Wyk 1978:103). Die opkoms van 'n dinamies ontwikkelende ekonomiese sentrum in die noorde laat geleidelik 'n nuwe kulturele brandpunt in die noorde --- te wete in die PWV-driehoek --- ontstaan en gee aanleiding tot 'n sekere polarisering van suidelike en noordelike taalvorme. Vir die eerste keer word Transvaalse en Vrystaatse Afrikaans ernstig opgeneem en wen aan status. In 'n soort kettingreaksie lei die ekonomiese ontplooiing tot 'n konsentrasie van Afrikaanssprekendes in en rondom die groot stede, tot die stigting van Afrikaanse universiteite, kweekskole en onderwyskolleges, kerke en skole, en joernalistieke bedrywigheid in Transvaalse koerante en tydskrifte. Die taalteenstelling noord-suid veroorsaak 'n kreatiewe, verrykende polariteit.

"Die oorspronklike suidelike oorwig bestendig bepaalde suidelike bestanddele in die algemene taal, terwyl die groeiende noordelike oorwig nie net sommige bestanddele verdring nie, maar 'n nuwe bydrae tot die algemene taal maak." (Abel Coetzee 1948:18)

Sonder 'n taalreglementering maar as gevolg van die vitaliteit en veral die ekonomiese status van Afrikaanssprekendes ten noorde van die Heksrivierberge verkry noordelike vorme geleidelik status en erkenning. Die aktiwiteit van noordelike taalmanne (S.P.E. Boshoff, Schoonees, Pienaar), meer nog die stigting van 'n oorkoepelende liggaam soos die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns in 1909 en dié se Taalkommissie dra daartoe by dat

die taalteenstelling noord-suid mettertyd 'n verrykende taalverskeidenheid word waarmee by die geleidelike standaardisering rekening gehou is.

### 3.2 Normagente en beheerliggame

Hoewel daar nog nooit 'n algemene en stelselmatige standaardisering van Afrikaans deurgevoer is nie, is daar wel 'n groot mate van normering bereik (Eksteen 1984:63). Die siftings- en standaardiseringsproses het geleidelik plaasgevind en is te danke aan verskeie gesaghebbende liggame en 'n paar invloedryke individuele taalleiers.

#### 3.2.1 Die Taalkommissie van die S.A. Akademie

Die belangrikste beheerliggaam was en is ongetwyfeld die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie wat in 1915 in die lewe geroep is met die spesifieke doel om die spelling van Afrikaans te reël (Scholtz 1980:21). As offisiële kommissie van die Akademie het dit van die begin af die nodige gesag gehad om hierdie normering verpligtend te maak, en tot vandag toe is die Taalkommissie se woordelyste en spelreëls die belangrikste enkele normeringsfaktor ten opsigte van Afrikaans. In 1917 verskyn die eerste druk van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (AWS)* en daarmee is die grondslag van 'n gesaghebbende Afrikaanse spelling gelê. Meer nog: die Taalkommissie het

"vanaf 1915 nie net besluit hoe gespel moet word nie, maar wat gespel moes word. (Anna Coetzee 1982:285)

Kyk 'n mens na die verskillende uitgawes van die Taalkommissie se woordelyste vanaf 1917, dan word die dubbele doelstelling al hoe duideliker, naamlik ener syds om by die Nederlandse spelling so ver moontlik aan te sluit en terselfdertyd om so ver moontlik die reëls uit Afrikaans self te formuleer (AWS 1921), en andersyds om die algemeen gebruiklike uitspraak in beskaafde-Afrikaans as grondslag te aanvaar. Wat onder "beskaafde" Afrikaans verstaan word en wat die beslissende kriterium hiervan is, word nêrens eksplisiet vermeld nie. Die lede van die Taalkommissie is by implikasie die verteenwoordigers van die spraakgemeenskap en hulle bepaal uiteindelik wat deur die meerderheid sprekers in alle dele van die land as "beskaafd" beskou moet word. Hiermee

word dus nie slegs die spelling aan 'n normeringsproses onderwerp nie, maar indirek, via die geskrewe woord, ook die uitspraak van woorde.

Van die begin af het die Taalkommissie met wisselvorme rekening gehou en hulle óf aanvaar óf as nie-standaard uitgesluit. Wisselvorme wat in die 19de-eeuse Afrikaans nog taamlik gebruiklik was, beide in die suide en in die noorde, is reeds uit die eerste AWS uitgesluit, byvoorbeeld *speul*, *veul*, *fleuks*, *ommers*, *mot*, *ken*, *sel*; slegs *speel*, *veel*, *fluks*, *immers*, *met*, *kan*, *sal*, word as standaardvorme erken. Van die groot aantal wisselvorme van *baie*, naamlik *baiang*, *baing*, *banja*, *banje*, *banjak*, word naas *baie* aanvanklik ook *baling* erken, maar laasgenoemde word in die AWS van 1931 alreeds as nie-standaard aangevoel en daarom uitgelaat (Anna Coetzee 1982:285). Die Taalkommissie kan in sy strewe na normering en standaardisering aan subjektiwiteit, inkorting en seleksie nie ontsnap nie:

"Die Afrikaanse spelling probeer die spreektaal op die voet volg en wil die uitspraak sover moontlik weergee. Maar terselfdertyd wil dit nie alle uitsprake weergee nie maar alleen die algemeen gebruiklike uitspraak. Tog is dit ook nie alle algemene uitsprake wat die grondslag vorm nie, maar dié van beskaafde Afrikaans. Dit bring natuurlik onmiddellik 'n subjektiewe oordeel in die spel, naamlik om te bepaal wat algemeen is en wat beskaaf is, en ek glo nie dis altyd vir die Taalkommissie moontlik om dit eksperimenteel vas te stel nie." (Venter 1964:168-169, aangehaal deur Eksteen 1984:63)

Die strewe van die Taalkommissie om die spelling van Afrikaans so te reël dat dit die lewende spreektaal "op die voet volg", karakteriseer myns insiens die geleidelike normering en standaardisering van Afrikaans. Dit blyk ook uit die opneem van neologismes (byvoorbeeld *drawwer*, *kooper*, *kaalholler*, *toebroodjie*), die aanvaarding van Engelse en ander vreemde woorde in verafrikaanste vorm (*frokkie*, *honorêr*, *monitor*, *valuasie*), maar dan ook die eliminerings van verouderde of dialektiese woorde en ou Anglisismes wat in onbruik geraak het (*boter*, *vlees*, *naar* in plaas van *na*, *nummer*, *juts*, *brekfis*).

### 3.2.2 Die Afrikaanse Bybelvertaling

Soos in verskeie Europese lande in die 16de en 17de eeu lewer die vertaling van die Bybel in Afrikaans 'n besonder belangrike bydrae tot die normering van Afrikaans. Na die eerste mislukte proefuitgawe van Die vier Evangelieë en die Psalme (1922) word in Junie 1929 'n nuwe voorlopige vertaling van

die vier Evangelies en Psalms en in 1933 die volledige Bybel gepubliseer. Die invloed van hierdie Bybelvertaling op die normering van Afrikaans was diepgaande hoewel dit moeilik vasgepen kan word. In die sorgvuldig hersiene uitgawe van 1953 en die jongste vertaling van 1979 (Die Nuwe Testament en die Psalms) en 1984 vind die voortgesette normering van Afrikaans 'n goeie neerslag.

Afgesien van die spesifieke probleme verbonde aan enige Bybelvertaling moes die Afrikaanse Bybelvertalers wegbreek van die Statebybel se styl en van talle vaste, ingeburgerde maar on-Afrikaanse uitdrukkings. Die skepping van 'n Afrikaanse Bybeltaal was op sigself al 'n reusetaak. Dit is verder bemoeilik deur die feit dat daar nog geen gestandaardiseerde taal bestaan het nie, en natuurlik ook geen gesaghebbende spraakkuns wat as grondslag vir taalkwessies gebruik sou kon word nie. Gevolglik moes die taaladviseurs besluit oor meervoudsvorme by selfstandige naamwoorde op -s of -e, oor deelwoorde met of sonder -d, oor die verbuiging van die byvoeglike naamwoorde, die gebruik van die betreklike en refleksiewe voornaamwoorde, die herhaling van voorsetsels ("uit die huis uit"); die gebruik al dan nie van die voorsetel vir in objekskonstruksies; die opeenvolging van tye en die plek van die modale hulpwerkwoord, ensovoorts (Nienaber 1965:258-273). Die vertaalmoeilikhede by die skepping van 'n algemeen aanvaarbare en vir die toekoms bruikbare Afrikaanse Bybel openbaar besonder duidelik die gebrek aan 'n standaardtaal. In 1933 skryf S.P.E. Boshoff, een van die Transvaalse taaladviseurs:

"Aan moeilikhede het dit ook vir die taaladviseurs nie ontbreek nie, intendeel, hulle was legio. Dikwels was dit byvoorbeeld maklik genoeg om uit te maak wat om in 'n bepaalde geval in Afrikaans te sê, en tog kon dit nie klakkeloos so neergeskrywe word nie. Enersyds moes houterige deftigheid en andersyds alte gemeensame natuurlikheid en platheid vermy word op gevaar af van 'n kleurlose resultaat te verkry ... Teenstrydige uiterstes van taalgebruik en smaak moes veelal met mekaar versoen word. Dit was nie uitsluitend 'n saak van kennis van Hebreeus en Grieks nie, selfs nie in die besonder van Afrikaans nie, maar dikwels 'n kwessie van goeie smaak. En tog moes gedurig voor oë gehou word dat die Bybel 'n volksboek is en behoort te wees, 'n boek wat vir almal in taaluiting toeganklik moet wees... ." (Aangehaal deur Nienaber (1965:253)) [My beklemtoning --- E.H.R.]

Die geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling met sy mylpale in 1933, 1953, 1979 en 1984 is 'n goeie weerspieëling van 'n geleidelike taalnormering en van die bydrae wat die Afrikaanse Bybel tot die

normeringsproses lewer. Die jongste polemieë pro en kontra bybelvertalingsprobleme bewys dit myns insiens nog verder.

### 3.2.3 Pragmatiese normering in die praktyk

Soos uit ander bydraes in hierdie bundel blyk, moes die normering van Afrikaans na 1920 op feitlik alle terreine van die openbare sektor individueel aangepak word. By gebrek aan 'n oorkoepelende en gesaghebbende liggaam vir die vasstelling van 'n Standaardafrikaans het talle selfbenoemde en offisiële normagente --- individue of groepe --- in die afgelope 60 jaar normierend opgetree. Besonder sterk was en is die invloed van die pers, van die radio en televisie. Die taaladviseurs van individuele koerante het soms, soos in die geval van Louis Hienstra, 'n verreikende invloed uitgeoefen. Die S.A.U.K. het van meet af taaladviseurs van die S.A. Akademie gehad en het later sy eie taaladvieskomitee gestig wat nie eenvormigheid nastreef nie maar "die standaardisering van die beskaafde uitspraak en taalgebruik" as doel het (Gideon Roos 1959:146).

Die gebruik van Afrikaans in die staatsdiens het weer eens tot die stigting van 'n reeks spesifieke en onafhanklike taalburo's gelei, byvoorbeeld die Spoorwegtaalburo, die taaldienste van die Poskantoor, die Volksraad, die S.A. Polisie en die S.A. Weermag.

Met die ekonomiese ontwikkeling en die opkoms van Afrikaans as handelstaal het die behoefte aan 'n Afrikaanse terminologie, veral aan vakterme, akuit geword en talle inisiatiewe is geneem deur individue wat vertaallyste opgestel het. In 1950 het die Akademie die Vaktaalburo gestig om die individuele pogings te koördineer en te konsolideer. Soos Eksteen skryf, is dit

"... grootliks aan die werksaamhede van hierdie liggaam te danke dat vaktaalbedrywighede ook in ander sektore gestimuleer is, veral in die Staatsdiens en by semi-staatsinstellings asook natuurlik by privaatondernemings. ... In 1976 is die Akademie se vaktaalburo en die Terminologieseksie van die Staatsdiensburo saamgevoeg in een groot Vaktaalburo." (Eksteen 1984:65)

### 3.3 Aard van normering

Soos uit bostaande oorsig blyk, is die normering van Afrikaans as 'n geheel nog nooit sistematies aangepak en deurgevoer nie.

Die meeste vordering is gemaak met die spelling. Hier kan 'n mens, danksy die volgehoue werk van die Akademie se Taalkommissie, tereg van standaardisering praat.

Wat die uitspraak betref, het die Taalkommissie se AWS oor die jare indirek baie tot 'n normering bygedra. P. de V. Pienaar se Uitspraakwoordeboek van Afrikaans is nog steeds die mees gesaghebbende enkele werk op hierdie gebied wat totnogtoe deur geen ander soortgelyke werk vervang of aangevul is nie. Maar 'n stelselmatige uitspraaknormering is nog nie in Afrikaans ondersoek nie. Talle uitspraakvariante wat in informele spraak van "beskaafde" sprekers eerder toe- as afneem --- soos byvoorbeeld woordverkorting, vokaalverswakking, /r/-weglating, /d/-reduksie, /t/-verswakking, nie- en die-reduksie (Van Wyk 1978:112-113) --- is nog nie aan normering onderwerp nie. Juis op hierdie gebied is dit belangrik om norme vir informele en formele uitspraak nader te omskryf.

Met die normering van die woordeskat is goeie vordering gemaak. Reeds in 1926 is daar in opdrag van die Regering en met staatsteun met die opstel van 'n "volledige en gesaghebbende woordeboek", Die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) begin, waarvan daar tot op datum 7 kwartodele (A-K) verskyn het. Die mees volledige verklarende woordeboek wat as 'n standaardwerk en in 'n sekere sin as 'n standaardisering van die Afrikaanse woordeskat beskou kan word, is die hersiene en uitgebreide HAT (hoofredakteur F.P. Odendal 1979). Neem 'n mens nog die groot aantal vakwoordeboeke in aanmerking dan blyk dit dat die normering van die woordeskat relatief ver gevorderd het.

Maar hier eindig die normering van die Afrikaanse taalgebruik. Norme in die Afrikaanse sintaksis is nog nie behoorlik ondersoek nie. Daar bestaan wel omvattende beskrywings van sintaktiese taalvariasie (vergelyk veral (Ponelis 1979)), maar 'n gesaghebbende spraakkuns soos die splinternuwe ANS (Algemene Nederlandse Spraakkunst 1984) besit ons nog nie.

#### **4 Toekomsperspektief**

##### **4.1 Norme en gesag**

Uit die beknopte en onvolledige oorsig van die normering van Afrikaanse taalgebruik in die 20ste eeu blyk dat daar talle inisiatiewe geneem is, meestal deur enkelinge of bepaalde groepe, om 'n mate van standaardisering en die vaslegging van taalnorme in beskaafde taalgebruik te bereik. Die mees ingrypende en stelselmatige normering het van die Taalkommissie uitgegaan wat die gesag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns agter hom het. Dit is dan ook opvallend dat die Akademie direk of indirek by die meeste ondernemings wat taalnormering bevorder, betrokke was en nog steeds is. Die Akademie benoem byvoorbeeld taaladviseurs vir die Bybelvertaling en vir die S.A.U.K. se Taaladvieskomitee; dit koördineer vaktaalbedrywighede wat vakterme standaardiseer en deur sy vaktaalburo publiseer dit vertalende vakwoordeboeke; sedert 1976 werk die Akademie se Vaktaalburo saam met die Staatstaaldiensburo. Vooraanstaande lede van die Taalkommissie neem die voortou by die normering (of die voorbereiding daarvan) van die uitspraak (P.d.V. Pienaar), die leksikon (F.F. Odendal) en die sintaksis (F.A. Ponelis).

Die normering van 'n taal, veral in die 20ste eeu, kan nie van 'n enkeling uitgaan nie; daarvoor is aan die een kant die gesag van 'n geloofwaardige en offisieel aanvaarde beheerliggaam nodig; aan die ander kant moet die beheerliggaam in so 'n mate die spraakgemeenskap se sosiolinguistiese norme verteenwoordig dat sy voorskrifte vir die gewone taalgebruiker aanvaarbaar en verpligtend kan wees. Die lesse wat uit die resente geskiedenis van die normering van die gebruik van Afrikaans geleer kan word, dui daarop dat die normering van Afrikaans nog meer koördinering verg en onder leiding van 'n deskundige beheerliggaam verder gevoer moet word met inagneming van alle sprekers van die gemeenskap en die geldige norme in lewende taalgebruik.

Dit is egter alles behalwe 'n pleidooi vir taalreglementering! In teendeel, die verlede het juis die waarde van 'n geleidelike normering bewys, 'n vasstelling van norme wat die lewende taalgebruik sorgvuldig "op die voet volg", nie vooruitloop en ook nie argaise vorme probeer bestendig nie.

#### 4.2 iets soos die ANS?

Die verskyning van die *Algemene Nederlandse spraakkunst* in November 1984 wys moontlikhede ook vir die normering van die Afrikaanse taalgebruik, al is die realisering van so 'n doelwit miskien nie in die nabye toekoms binne bereik nie.

Die ANS is die resultaat van 'n redaksie wat deur Nederlands-Belgiese regeeringsinstansies benoem en gesubsidieer is. Die doel van die ANS is om

"de gebruiker een praktisch hulpmiddel te verschaffen om zich een oordeel te vormen over de grammaticaliteit en de aanvaardbaarheid van hedendaags Nederlands taalgebruik". (Geerts 1984:10)

"De ANS geeft in principe een beschrijving van het moderne Nederlandse taalgebruik, zoals dat tot uiting komt in de standaardtaal. We verstaan daaronder de taal die in alle regio's van het Nederlandse taalgebied bruikbaar is .... De standaardtaal is bovengewestelijk en algemeen bruikbaar: het gaat hier om taalvormen die niet gebonden zijn aan een bepaalde stijl (....), aan een bepaalde regio (....) of aan een bepaalde groep (....). Standaard-Nederlands is dus de taal waarmee men in secundaire relaties altijd en overal in het Nederlands taalgebied terecht kan. In de ANS wordt echter in veel gevallen ook melding gemaakt van varianten die niet tot de standaardtaal behoren. Het betreft dan steeds varianten die vrij algemeen in gesproken of geschreven taal voor kunnen komen en daarom vermelding verdienen." (Geerts 1984:12-13)

Is Afrikaans te jonk vir so 'n projek? Of is die hele kwessie van Standaard-Afrikaans versus taalverskeidenheid 'n warm patat? Die ANS bewys dat so 'n projek, as dit in die hande van 'n goeie paneel van deskundiges is, kan slaag. Die geskiedenis van die normering van Afrikaans tot dusver laat my glo dat 'n dergelike projek vir die normering van Afrikaans wenslik en moontlik is.

## BIBLIOGRAFIE

- Bartsch, R. (1982) "The concept 'rule' and 'norm' in linguistics", *Lingua* 58:51-81.
- Boëseken, A.J. (1977) *Slaves and Free-Blacks at the Cape 1658-1700*. Cape Town: Tafelberg.
- Changuion, A.N.E. (1848) *De Nederduitsche taal in Zuid-Afrika hersteld*. Rotterdam: J. van der Vliet.
- Coetzee, Anna E. (1982) "'n Heroriëntering van die begrip standaardtaal", *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 22:271-289.
- Coetzee, A.J. (1948) *Standaard-Afrikaans*. Intreerede. Johannesburg: Pers van die Universiteit van die Witwatersrand.
- Du Buisson, M.S. (ed.) (1959) *Die wonder van Afrikaans*. Johannesburg: Vooortrekkerpers.
- Du Toit, S.J. (1876) *Eerste beginsels van die Afrikaanse taal*.
- Du Toit, S.J. (1902) *Vergelykende taalkunde fan Afrikaans en Engels*. Paarl: D.F. du Toit & Co. Bpk.
- Du Toit, S.J. (1908) "Afrikaanse taalskat fan spreekwyse, gesegdes en uitdrukkings", in Van der Merwe (ed.) 1971:227-262.
- Eksteen, L.C. (1984) "Die rol van die Akademie in die standaardisering van Afrikaans", in Moll (ed.) 1984:56-66.
- Geerts, G. et al. (eds.) (1984) *Algemene Nederlandse spraakkunst*. Groningen: Wolters-Noordhoff.
- Heringer, H.J. (1980) "Normen? Ja - aber meine!", in Mogge (ed.) 1980:58-72.
- Kern, H. (1890) "Woordenlijst van het Transvaalsch taaleigen", in Van der Merwe (ed.) 1971:41-50.
- Leibbrandt, H.C.V. (1882) "Het Kaapsch Hollandsch", in Van der Merwe (ed.) 1971:31-38.

- Le Roux, T.H. & P. de Villiers Pienaar (1971) *Uitspraakwoordeboek van Afrikaans*. Sesde Druk. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Mansvelt, N. (1884) *Proeve van een Kaapsch-Hollandsch Idioticon*. Kaapstad: C.J. Martin. Ook in Van der Merwe (ed.) 1971: 129-222.
- Mogge, Birgitta (ed.) (1980) *Die Sprachnorm-Diskussion in Presse, Hörfunk und Fernsehen*. Stuttgart: Klett-Cotta.
- Moll, J.C. et al. (eds.) (1984) *Akademie 75*. Pretoria: S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns.
- Nienaber, P.J. (ed.) (1965) *Taalkundige opstelle*. Kaapstad-Amsterdam: A.A. Balkema.
- Odendal, F.F. (ed.) (1978) *Gesag en norm in die taal- en letterkunde II*. Johannesburg: Publikasiereeks van die Randse Afrikaanse Universiteit C 19.
- Odendal, F.F. et al (eds.) (1980) *BAT - Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Johannesburg: Perskor.
- Pheiffer, Roy H. (1979) *150 Jaar gelede: Nederlands, Afrikaans en Engels aan die Kaap*. Intreerede, Nuwe reeks no. 62. Kaapstad: Universiteit van Kaapstad.
- Ponelis, F.A. (1979) *Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: Van Schaik.
- Postma, W. (1896) "Afrikaanse woordgebruik", in Van der Merwe (ed.) 1971:53-58.
- Roos, Gideon (1959) "Die triomf van Afrikaans as radiotaal", in Du Buisson (ed.) 1959:133-147.
- Scholtz, J. du P. (1980) *Wording en ontwikkeling van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.
- Smith, J.J. (1942) "'n Bietjie oor 'Baie'", in *Suid Afrika*, Okt. 1942; opgeneem in Nienaber (ed.) 1965:172-180.
- Tromp, Theod. M. (1879) *Herinneringen uit Zuid-Afrika*, in Van der Merwe (ed.) 1971:19-28.
- Van der Merwe, H.J.J.M. (ed.) (1968) *Patriotwoordeboek*. Pretoria: Van Schaik.

Van der Merwe, H.J.J.M. (ed.) (1971) **Vroeë Afrikaanse Woordelyste**.  
Pretoria: Van Schaik.

Van Wyk, E.B. (1978) "Sosiolinguistiese norme in taalgebruik", in Odendal  
(ed.) 1978:99-120.

Weinrich, Harald (1980) "Über Sprachnormen nachdenken", in Mogge (ed.)  
1980:9-24.